## 5 Desember - VOORHANGSEL

**Skrifgedeelte: Hebreërs: 10:19-27**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19-21**

Die voorhangsel was 'n "gordyn" wat op God se bevel in die tabernakel en later in die tempel skeiding gemaak het tussen die heiligste en die allerheiligste. Dit was van fyn dubbeldraadlinne en moes pers, purperrooi en bloedrooi.van kleur wees.

Die hoëpriester het eenmaal 'n jaar in die allerheiligste ingegaan om versoening te doen en in te tree vir die verbondsvolk voor God. Die sonde van die volk het verhinder dat hulle in 'n heilige ontmoeting met God kon verkeer. Die duursaamheid van die linne en die kleur was 'n teken van die onmoontlikheid om met onreinheid God te ontmoet. Die voorhangsel was 'n teken van die verborgenheid en ontoeganklikheid van God vir die volk.

Toe Christus sy laaste asem uitgeblaas het, het die voorhangsel van bo na onder geskeur (Matt 26). Die sonde en skuld wat skeiding gemaak het, is met Jesus se offer verwyder.

Ja, Christus het die weg oopgemaak nie deur 'n lint te knip of 'n sleutel te draai nie, maar deur sy liggaam het Hy dit oopgeskeur en toeganklik gemaak vir almal wat glo. As "groot Priester" tree Hy vir ons in, maar daar is geen skeiding meer nie. Deur die werking van die Heilige Gees is ons verbind aan Hom, aan sy liggaam en bloed.

U het die wonderlike voorreg om God in die erediens, in u gejaagde lewe, in u nood en vreugdes te kan ontmoet. U kan vandag alles voor Hom uitstort.

Moet nie 'n ontmoeting met God as vanselfsprekend aanvaar of deur 'n slegte gewete van 'n ontmoeting wegbly nie. God wil dat u die heiligheid, die grootheid, die genade en die prys van die ontmoeting sal verstaan. Sy Seun het immers met sy dood die weg vir u gebaan – sal u dan die heilige ontmoetingsgeleenthede by u laat verbygaan?

*Sing: Psalm 84:1, 2 (1936-beryming)* *Ds HL Stavast (Totiusdal)*